**Donderdag 23 Februarie**
**Skrifgedeelte: Levitikus 5:1-13**
**Fokusgedeelte: Levitikus 5:5**
**Jou skuld is betaal**

’n Skuldige gewete kan jou lewe verwoes. Dit kan ons prakties sien in Dawid se lewe (Ps. 32). Tog is dit nie nodig dat dit jou lewe oorheers nie. Want daar is genesing in Christus. Vir genesing moet ek bely, betaal en aanvaar word.

In die gedeelte wat ons gelees het, gaan dit nog steeds oor die sondeoffer. Die gedeelte pas mooi in by hoofstuk 4. In die gedeelte wat ons gelees het, word prakties na vier sondes gekyk wat iemand wetend of onwetend gedoen het. Wanneer jy uitgevind het van hierdie sonde, is jy skuldig en onaanvaarbaar vir die Here. Daar moet iets gedoen word om ’n herstelde verhouding tussen jou en die Here te kry. Die eerste stap tot ’n herstelde verhouding is belydenis.

Die Israeliet wat gesondig het, moes eers bely dat hy gesondig het. Sy verhouding met die Here is nou nie reg nie. Hy is ’n sondige mens wat nie in die teenwoordigheid van die heilige God kan kom nie, daarom moet betaal word. Die wonderlike nuus is, enigiemand kan betaal. Indien jy nie ’n skaap of ’n bok gehad het nie, kon jy ’n duif bring of selfs meel. En al die Israeliete het ten minste meel gehad om te offer. Wanneer hulle bely het, ’n offer gebring het om te betaal, kan hulle weet hulle is deur die Here aanvaar.

Hierdie offer het gewys na ’n baie beter manier waarop ons vandag vergewe word. Wanneer jy met ’n skuldgevoel rondloop, bely jou sonde teenoor die Here. Weet: Christus het vir jou sonde betaal en glo Hy het jou aanvaar as sy kind. Die oomblik wanneer jy teenoor Hom bely, kan jy verseker wees van sy vergifnis en aanvaarding deur die werking van die Heilige Gees. Die grootste werk wat jy nou moet doen, is om ook jouself te vergewe!

*Sing: Psalm 32-1:2, 5*

*Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)*